



5

SESSIE VYF

DRESS UP! (*DIE WAPENRUSTING*)

DIE HELM VAN VERLOSSING

Weerstand teen Destruktiewe en Negatiewe Gedagtes

Eenheid Opdragte

GEESTELIKE WAARHEDE

MEMORISEERERS:

“Bo alles, wees versigtig met wat in jou hart aangaan. Wat jy dink, bepaal alles wat jy doen.”

Spreuke 4:23 (NLV)

“Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.”

Romeine 12:2 (ANV)

R

BYBELSTUDIE:

O

Het jy al ooit in 'n patroon van herhaalde negatiewe gedagtes beland? Het jy jousef al ooit gekry dink aan alles wat moontlik kan verkeerd loop? Het jy al gevind dat jy sukkel om positief oor jousef of ander mense in jou lewe te dink? Het jy al ooit gedink waaraan jy dink? Ons gedagtes het 'n groter invloed in ons lewe as wat ons altyd besef en ons gee nie baie aandag aan wat ons dink nie. Tog weet die vyand dat die geveg baie keer gewen word in ons koppe en as hy dit kan regkry dat ons gedagtes nie in lyn met God se Woord is nie, kan hy grond wen en oorwinning in ons lewe bereik.

E

Tog is God nie onbewus van hierdie realiteit nie en het Hy ook vir ons 'n gedeelte in ons wapenrusting gegee om ons te help hiermee – die helm van verlossing. Hierdie week gaan ons bestudeer wat die omvang is van hierdie belangrike gedeelte van die wapenrusting en hoe ons dit moet gebruik.

P

Jy is ook welkom om die Bybelstudie gedeeltes te gebruik in jou persoonlike stiltetyd. Volg die elemente soos uiteen gesit in die *21-Dae Stiltetyd Joernaal* om 'n gewoonte van persoonlike stiltetyd te vestig. Dit is belangrik om dit wat jy in die Bybel leer, toe te pas in jou lewe. Ons moenie net die Woord aanhoor nie, maar ons moet mense wees wat doen wat die Woord sê.

E

SPREUKE 4:23 – Hierdie gedeelte word herhaaldelik bevestig deur nuwe navorsing wat gedoen word en die invloed wat ons gedagtes en oortuigings in ons lewe het. Lees dit in verskeie vertalings om die omvang van hierdie vers te verstaan.

Watter invloed het jou gedagtes in jou lewe volgens hierdie versie?

As hierdie die belangrikste ding is wat jy moet doen, op watter manier monitor jy tans wat in jou hart/gedagtes aangaan?

Watter invloed het jou bogenoemde antwoord en watter aanpassings moet jy dalk maak?

G

2 KORINTIËRS 10:3-5 – Hierdie gedeelte verduidelik vir ons iets van die strategieë wat die duiwel gebruik om ons te oorwin.

Waar redeneer ons en kom allerlei gedagtes op?

R

Wat is jou definisie van vestings?

O

Op watter manier toets jy of dit wat jy dink nie teen die kennis van God is nie?

E

ROMEINE 12:1-2 – Paulus verduidelik in die eerste 11 hoofstukke van Romeine hoe groot die omvang van ons verlossing is en begin dan hoofstuk 12 met wat ons moet doen as gevolg van al hierdie waarhede wat hy verduidelik het.

P

Wat verduidelik Paulus moet ons doen? Wat dink jy beteken dit prakties in jou lewe?

E

Op watter manier kan ons ons gedagtes vernuwe met die waarhede van God sodat Hy ons kan verander?

KOLOSENSE 3:1-3; FILIPPENSE 4:8 – Paulus verduidelik wat ons moet doen met ons gedagtes as verlore mense.

Op watter manier moet ons as gelowiges se gedagtes anders lyk as ongelowiges?

Op watter manier kan jy jou gedagtes gevestig hou op God en God se dinge soos jy deur jou dag gaan?



KOLOSENSE 3:10; FILIPPENSE 2:12-13 – Paulus verduidelik hoe ons moet leef en hoe ons gestalte moet gee aan dit wat Jesus reeds vir ons bewerk het met ons verlossing. Dit is moontlik vir ons om anders te leef omdat Jesus reeds alles gedoen het om verlossing vir ons te bewerk.

R

Hoekom dink jy sê Paulus ons moet ons daarop toelê om ons verlossing uit te leef?

O

Op watter manier maak God dit vir ons moontlik om anders te leef?

E

Opsomming:

P

Deel van ons wapenrusting is ’n gedeelte wat ons kop beskerm en in die geestelike wêreld beskerm dit ons gedagtes. God en die duiwel weet dat die geveg vir ons lewe gebeur tussen ons twee ore in ons gedagtes. Spreuke 4:23 sê dat ons gedagtes en ons gedagte patrone het ’n invloed op ons hele lewe. Wat ons dink en hoe ons dink bepaal waar ons gaan opeindig in hierdie lewe en hoe ons interaksie met mense gaan wees en hoe ons die missie wat God vir ons gegee het gaan uitleef.

E

Die vyand gooi gereeld gedagtes in ons koppe wat teen die kennis van God gaan; wat teen

die waarheid van God gaan; wat teen die beginsels van God is. Ons het nodig om hierdie gedagtes te identifiseer en hulle gevange te neem. Indien ons nie ons gedagtes monitor en kyk of ons dinge dink wat teen God se waarheid is nie, begin ons sekere gedagtes patrone vorm oor ’n tydperk wat ’n vesting kan word. ’n Vesting is waar die vyand beheer uitoefen oor ’n area wat nie aan hom behoort nie. As die duiwel dit kan regkry dat ons oor jare sekere leuens glo en op sekere maniere van onself, ander en God dink, kan hy regkry dat ons lewe in lyn is met hierdie leuens en word ons uit die roeping wat God vir ons het gehaal.

Ons is mislei wanneer ons ’n leuen glo en dit ons waarheid word. Wanneer ons ’n leuen glo wat ons waarheid geword het, leef ons vanuit hierdie gedagte patroon. Byvoorbeeld, as jy oor jare geglo het jy is nie goed genoeg nie, sal jy sukkel om te doen wat God van jou vra omdat jy glo jy is nie goed

genoeg nie. Ons het egter nodig om te weet dat die Bybel sê dat God dink jy is goed genoeg en dat Hy jou gekies het. Wat jy glo is die waarheid gaan 'n invloed hê op hoe jy leef en wat jy doen wanneer God van jou iets vra.

Ons kan egter toelaat dat God ons verander deur ons denke te vernuwe. Die wêreld wil ons gedagtes beheer van buite af, terwyl God ons gedagtes wil transformeer van binne af. God wil hê ons moet nuwe gedagte patrone ontwikkel wat in lyn is met sy waarheid – sy Woord. Wanneer ons meer en meer onself in situasies en plekke bevind wat ons help om ons gedagtes te vernuwe in lyn met God se waarheid, gebruik God hierdie waarhede en verander ons lewes van binne af buitentoe.

Dit is metamorfose en ons verander om meer en meer soos Jesus te lyk. Die verlossing wat Jesus vir ons bewerk het aan die kruis was nie net om te verseker dat ons hemel toe gaan nie, maar ook dat ons 'n vol en oorvloedige lewe reeds op aarde kan lei. God wil hê ons moet vanuit hierdie verlossing leef en ons lewens moet meer en meer lyk soos die lewe in oorvloed wat God bestem het. Ons moet gestalte gee aan ons verlossing deur dit uit te leef in ons lewens.

G

R

Dit kan egter net gebeur as ons ons gedagtes verander en toelaat dat God ons verander deur sy Heilige Gees. Die begin punt is egter dat ons sal kyk en dink waaraan ons dink. Ons gedagtes bepaal of ons gestalte gaan gee aan ons verlossing. Dit is hoekom dit so belangrik is dat ons verse sal memoriseer, Bybel lees, met ander praat oor die woord; luister na die prediking van die woord en oordenking oor die woord. Al hierdie dinge help dat ons gedagtes gevestig is op die dinge daarbo waar Christus is en dit help ons om te identifiseer as daar gedagtes kom wat teen die kennis van God kom. Dan kan ons dit aanspreek en dit gevange neem.

O

E

P

E

REDIGERING EN TOEPASSING

Spreuke 4:23 sê dat een van die belangrikste dinge wat ons kan doen is om te kyk en te monitor wat in ons hart/gedagtes aangaan. 2 Korintiërs 10:5 sê ons moet elke gedagte wat teen die kennis van God kom gevange neem. Is jy aktief besig om jou gedagtes te monitor? Verduidelik dit dalk sekere situasies in jou lewe as ons glo dat jou gedagtes 'n direkte invloed op jou lewe het? Verduidelik.

G

R

Op watter manier kan jy prakties jou gedagtes rig op die dinge daarbo waar Christus is en die dinge gelys in Filippense 4:8?

O

E

Watter areas van jou lewe het al verander omdat jy toegelaat het dat jou gedagtes daaroor vernuwe word? Verduidelik.

P

E

ONDERSOEK

Dink na oor die onderstaande vrae voor julle volgende groepsbyeenkoms. Jy mag enige van die vrae gevra word en jy mag enige van hierdie vrae aan die mense in jou groep vra. Hierdie vrae sal jou help om jou lewe te evalueer in die lig van die waarheid wat julle hierdie week bestudeer het. Dit gee ook vir die ander groepslede die geleentheid om jou aan te moedig om ten volle vir Jesus te lewe. Skryf 'n paar punte in die spasies neer na aanleiding van julle groepsbespreking.

G

Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy hierdie week wou gee?

R

Watter dinge in jou lewe wek negatiewe gedagtes by jou? Op watter manier kan jy dit aanspreek?

O

Hoe vorder jy met die ontwikkeling van 'n daaglikse, persoonlike stiltetyd? Op watter manier kan dit jou help om jou gedagtes te vernuwe?

E

P

Watter mense laat jy toe in jou lewe om vir jou verkeerde gedagtepatrone uit te wys in jou lewe? Hoe laat jy hulle toe om in te spreek in jou lewe?

E

EVANGELIE EN MISSIE

LEWE:

In die laaste paar weke is jy voorgestel aan die konsep van 'n lewe van missie – 'n deelnemer in Jesus se missie. Jy het gedink aan wat 'n lewe van missie is en hoekom jy só 'n lewe sal wil leef. Hierdie week gaan jy bietjie dieper kyk na hoe 'n mens 'n lewe van missie kan leef.

G

Eerstens is dit belangrik dat jy moet weet dat 'n lewe van missie begin met 'n Geesvervulde lewe. 'n Geesvervulde lewe is waar jy onder die beheer van die Heilige Gees lewe. Dit is soos geestelike asemhaling – uitasem van die onreine deur sondes te bely en inasem van die heilige deur die Gees se beheer oor jou lewe in te nooi. Jy moet egter nie dink dat die Heilige Gees jou net gaan lei om nie sonde te doen nie. Hy lei jou ook om die regte dinge te doen – soos om deel te neem aan Jesus se missie.

R

Indien die wortels van 'n lewe van missie 'n lewe is wat beheer word deur die Gees, hoe lyk die vrug van so 'n lewe van missie? Deur woord en daad. Met ander woorde, dié wat Jesus se missie opneem sal die evangelie bekend maak deur dit te deel en te demonstreer aan die wat hulp nodig het. Alle Christene word geroep vir hierdie missie, maar sommiges mag meer aktief wees in die vertel van die evangelie en ander meer in die doen gedeelte.

O

Handelinge 9:31-42 wys dat Jesus se volgelinge, wat onder die beheer van die Heilige Gees lewe, die evangelie op verskillende maniere bekend kan maak. Verduidelik hoe Petrus en Tabita die evangelie in hierdie gedeelte bekend gemaak het.

E

P

Kyk weer na die lys van behoeftes wat jy geïdentifiseer het in week 3. Beskryf hoe jy die evangelie bekend kan maak in hierdie situasies deur woord en daad.

E

Gebruik die spasie om 'n gebed neer te skryf waar jy God vra om jou te vul met sy Gees en dat Hy jou sal begin lei in 'n lewe van missie. Indien jy voel dat jy nog nie gereed is om dit te bid nie, vra die Here, wat geduldig is met jou, om jou hart te verander.

PRAAT MET GOD

“Met wie kan julle My vergelyk, aan wie kan julle My gelykstel, met wie kan julle My op een lyn stel, wie kan 'n vergelyking met My deurstaan?”

Jesaja 46:5 (ANV)

G

Op watter manier dink jy nog “groot” aan God? Of het negatiewe gedagtes en bekommernis gemaak dat jy 'n kleiner beeld van God het?

R

Vra die Here om jou te help om gedagtes te vernuwe, sodat jy groter geloof kan ontwikkel en meer die verlossing wat Hy vir jou bewerk het, kan uitleef.

My gebedsversoek ten opsigte van die geestelike waarheid van hierdie week:

O

E

My gebedsversoek ten opsigte van 'n situasie in my lewe:

P

My gebedsversoek ten einde 'n lewe van omgee en missie te leef:

E

Gebedsversoeke van ander in my groep:

EEN TREE

Na aanleiding van julle gesprekke vandag in die groep en jou studie die afgelope week, wat ervaar jy is die EEN TREE wat die Heilige Gees jou vra om te gee in jou verhouding met Jesus? Wat is die EEN ding wat jy hierdie week moet doen?

Ek gaan hierdie week...

G

R

**Maak seker jou stelling is baie spesifiek, meetbaar en evalueerbaar en indien dit 'n spesifieke tydslyn het, is dit nog beter.*

O

E

P

E